



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Met betrekking tot heilige geskrifte, beteken 'kanon' …

A dat boeke betwis word.
B die amptelike versameling geïnspireerde en gesagdraende boeke.
C boeke wat deur die apostels geskryf is.
D boeke wat volledig is. (1)

1.1.2 Die dood van die Profeet Muhammad het in … plaasgevind.

A 32 AE
B 32 VHJ
C 600 VHJ
D 632 AE (1)

1.1.3 In Judaïsme word daar soms na God verwys as 'n vader, koning of herder, wat hom menslike eienskappe gee. Dit staan as … bekend.

A antropomorfisme
B immanentisme
C universalisme
D transendentalisme (1)

1.1.4 Watter van die volgende behoort NIE by die Afrika-geïnisieerde Kerke NIE?

A Die Mormone
B Die Zioniste
C Die Ethiopiërs
D Die Nasareners (1)

1.1.5 Vir 'n Taoïs is …

A om 'n voorbeeld te stel, die beste manier om te lei.
B dit die beste om buigsaam te wees en om met die stroom saam te gaan.
C daar niks spesiaal aan mense nie.
D Al die bogenoemde (1)

1.1.6 Hierdie skool van Boeddhisme plaas die meeste klem op heilige geskrifte:

A Tibetaanse
B Suiwer Land ('Pure Land')
C Mahajana
D Theravada (1)

1.1.7 Die woord 'katoliek' beteken …

A universeel.
B behoort aan die pous.
C behoort aan die geestelike leiers.
D behoort aan die apostels. (1)

1.1.8 Mistisisme in Islam word … genoem.

A pasifisme
B fundamentalisme
C Soefisme
D panteïsme (1)

1.1.9 'n Situasie waar lede van baie godsdienste in dieselfde gebied woon:

A Politeïsme
B Kerkverband
C Pluralisme
D Scïentologie (1)

1.1.10 Karl Marx was …

A 'n kommunis.
B 'n materialis.
C 'n ateïs.
D Al die bogenoemde (1)

1.2 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Piesang; Appel; Aartappel; Druiwe
ANTWOORD: 1.2.5 Aartappel. Die ander is almal vrugte.

1.2.1 Minaret; Murtis; Kramat; Masiet (2)

1.2.2 Prediker/Eerwaarde; Isangoma; Intlabi; Voorouers (2)

1.2.3 Koning Saul; Koning Dawid; Koning George; Koning Salomo (2)

1.2.4 Evolusie; Ossillasie; Pendulum; Jin en Jang (2)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | 'n Vers, lettergreep of frase wat in rituele of meditasie gebruik word | A | Nagmaal |
| 1.3.2 | 'n Belangrike sakrament in die Rooms-Katolieke Kerk | B | Tikkun Olam |
| 1.3.3 | Die Bahá'i-tuine ter nagedagtenis van Bahá'u'llhá word hier gevind | C | sakrament |
| 1.3.4 | Baie Hervormde Jode ondersteun hierdie beginsel van sosiale geregtigheid | D | Haifa |
| 1.3.5 | Ontken die bestaan van God | E | Rishis |
| 1.3.6 | Wyse manne wat die Vedas voor 3 VHJ mondeling oorgedra het | F | mistikus |
| 1.3.7 | Iemand wat na 'n diep en intense verhouding met God smag | G | mantra |
| 1.3.8 | Iemand wat goeie werke vir ander mense doen | H | ateïsme |
| | | I | filantroop |
| | | J | Iran |

(8 x 1) (8)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.4.1 Fundamentaliste glo aan 'n metaforiese interpretasie van hulle geskrifte. (2)

1.4.2 In die Verenigde Koninkryk is die monarg beide die hoof van die Anglikaanse Kerk en die konstitusionele hoof van die land. (2)

1.4.3 Die heilige geskrif van die Boeddhiste bestaan uit beide die Pali Kanon en die Kitáb-i-Aqdas. (2)

1.4.4 Die Soenni's en Sjia's stem saam dat die Hadith van imam Bukhari die mees geloofbaar/outentieke is. (2)

1.5 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 Die godsdienstige beweging wat deur Martin Luther begin is, staan as die … bekend. (1)

1.5.2 Volgens Hindoeïsme word daar na 'n uitgebreide skema van korrekte gedrag as … verwys. (1)

1.5.3 Die inheemse godsdiens van Japan is … (1)

1.5.4 Jode wat die wette oor kleredrag, voedsel, seks, werk en heilige dae baie streng nakom, is die … Jode. (1)

1.5.5 Christene glo dat Jesus op die Berg … gekruisig is. (1)

1.5.6 Godsdienstige oortuiginge wat mense sonder enige twyfel moet aanvaar, word … genoem. (1)

1.6 Skryf TWEE sinne oor ELK van die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.6.1 Sinkretisme (2)

1.6.2 Sutta (2)

1.6.3 Gesaghebbende ('Pundit') (2)

1.6.4 Waarsêer (2)

1.6.5 Lao-tzu (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INTERGELOOFSLEIERS HOU OPTOG VIR VREDE**

Kaapstadse geloofsleiers en vredeliewende burgers van regoor die Wes-Kaap het gister, in aanloop tot vandag se Internasionale Dag van Vrede (21 September), saamgespan om aan 'n Stil-Vredes-en-Gebedsoptog deel te neem.

Die kleurvolle, stil vredesoptog na die Parlement – wat godsdienstige leiers van die Kaapstadse Intergeloofsinisiatief ('CTII'), die Forum vir Godsdienstige Leiers, tradisionele leiers, inwoners, die SA Vredesalliansie en die Moslem Regterlike Raad ('Muslim Judicial Council (MJC)') ingesluit het – het met intergeloofsgebede en stil meditasie begin.

Die optog is georganiseer nadat die Minister van Polisie, Bheki Cele, die land se nasionale misdaadstatistieke uitgereik het. 'n Memorandum is aan President Cyril Ramaphosa se verteenwoordiger oorhandig waarin geëis is dat die regering vertroue herstel deur teen maatskaplike euwels soos die hoë koers van geweld en misdaad op te tree.

Berry Behr, voorsitter van CTII, het gesê: 'Ons is vandag hier om ons land terug te lei na die hoop en geloof wat ons in 1996 gevoel het toe ons Konstitusie afgekondig is. Dit lyk asof Suid-Afrika baie ver van die gees en die letter van die Konstitusie afgedwaal het. Die oppergesag van die wet is met bendegesag in ons woonbuurte vervang waar vrees elke kind in elke straat bekruip.'

Prinses Chantal Revell van die Katz Korana-koningshuis het gesê: 'Dit is hartseer en vreesaanjaend om die huidige stand van ons land te sien. Die onregte wat daarbuite plaasvind, is ongelooflik. Dit is tyd om saam te staan om dit tot voordeel van ons kinders stop te sit.'

Woordvoerder van die organiseerders, MJC adjunk-president, Moulana Abdul Khaliq Allie, het gesê: 'Daar is geen ander manier om vrede te bewerkstellig as deur godsdienste nie, so dis waarom ons vir gemeenskappe sê staan saam ons sodat ons hierdie hindernisse waarvoor ons staan, kan oorkom. Die polisie het probeer en binnelandse veiligheid het probeer, maar wanneer steek ons ons hande uit en doen 'n beroep op God?'

[Aangepas uit *Cape Times*, Vrydag 21 September 2018]

2.1.1 Noem DRIE maniere in die uittreksel waarop die samelewing uit die optog kon voordeel trek. (6)

2.1.2 Waarom het die organiseerders van die optog gedink dis gepas dat dit 'n 'stil' optog moet wees? (6)

2.1.3 Hoe weet ons dat 'n groot aantal godsdienste die optog gesteun het? Gee TWEE redes. (4)

2.1.4 Die optog na die Parlement word as 'kleurvol' beskryf. Gee TWEE maniere waarop 'kleurvol' 'n goeie beskrywing van die optog is. (4)

2.1.5 Drie verskillende mense word in die uittreksel aangehaal. Verduidelik hoe dit die leser se waarneming van die optog sal beïnvloed. (10)

2.2 Waarom is stereotipering 'n vorm van vooroordeel? (4)

2.3 Sosiale media (Facebook, Twitter, ens.) kan openbare mening oor godsdienstige sake sterk beïnvloed.

2.3.1 Noem VIER voordele van die invloed van sosiale media. (8)

2.3.2 Noem VIER nadele van die invloed van sosiale media. (8)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Verduidelik ELK van die konsepte hieronder. Gebruik ELKE konsep in 'n sin om die betekenis daarvan in die konteks van godsdiens duidelik te illustreer.

3.1.1 Verskil (4)

3.1.2 Geloof/Oortuiging (4)

3.1.3 Vergelykbaarheid (4)

3.1.4 Eenheid (4)

3.2 In die konteks van godsdiens, gee TWEE feite oor ELK van die volgende:

3.2.1 Die Opperwese in Taoïsme (4)

3.2.2 Voorouers in die Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

3.2.3 Drie-eenheid in die Christelike godsdiens (4)

3.2.4 Nirvana in Boeddhisme (4)

3.3 Verduidelik wat met die volgende stellings bedoel word:

3.3.1 'n Godsdiens se geloof/oortuigings kom van sy leringe/ leerbeginsels. (4)

3.3.2 'n Godsdiens se praktyk kom van sy geloof/oortuigings. (4)

3.4 Noem die unieke eienskappe van die volgende godsdienste:

3.4.1 TWEE unieke eienskappe van die Bahá'i-geloof (4)

3.4.2 DRIE unieke eienskappe van Judaïsme (6)
**[50]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WEERBARE KINDERS**

1 Kinders regdeur die wêreld is in gevaar. Meer as 11 miljoen sal hierdie jaar aan voorkombare siektes sterf; 200 miljoen is ondervoed; nog 'n miljoen leef met MIV. Net in Afrika suid van die Sahara is meer as 13 miljoen in die Vigs-pandemie wees gelaat.

2 Kinders is ook die slagoffers van gewapende konflik. Hulle word as kindersoldate geforseer om dood te maak. Hulle is slagoffers van landmyne. Hulle is meer as die helfte van die wêreld se vlugtelinge. Soos wat nasies saamstaan om teen terrorisme te stry, sal daar meer en meer kindervlugtelinge, weeskinders en slagoffers van geweld wees.

3 Elke godsdienstige tradisie beklemtoon die skoonheid, heiligheid en waarde van die kind. Godsdienstige mense erken die behoefte om te reageer op die probleem van weerbare kinders. In vennootskap met regerings, liefdadigheids- en ander humanitêre organisasies werk hulle om die wêreld 'n beter plek vir kinders te maak.

4 Die wêreld se steun vir kinderregte het tot die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind (1989) gelei, wat algemeen die mees bekragtigde menseregte-ooreenkoms in die geskiedenis geword het. Onder President Nelson Mandela, wie se liefde vir kinders aan almal bekend is, het Suid-Afrika op 16 Junie 1995 die Konvensie bekragtig.

5 Godsdienstige gemeenskappe is uniek toegerus om die verandering in ingesteldheid en gedrag, wat op aandrang van die Konvensie moet plaasvind, te laat gebeur. Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede, wat saam met die Verenigde Nasies werk, help godsdienstige gemeenskappe om die doelstellings van die Konvensie te implementeer. Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede, 'n uitkoms van die Parlement van Wêreldgodsdienste, wat in 1970 in Kyoto, Japan gestig is, is die grootste globale intergodsdienstige organisasie wat op elke kontinent aktief is.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12 Learner's Book*]

4.1 Baie kinders is in gevaar as gevolg van siektes.

4.1.1 Watter ander faktor word in die uittreksel genoem? (2)

4.1.2 Noem TWEE ander faktore, wat NIE in die uittreksel genoem is NIE, wat tot kindersterftes kan lei. (4)

4.2 Wat leer godsdienste ons oor kinders:

4.2.1 Volgens die uittreksel (2)

4.2.2 Volgens 'n spesifieke godsdiens van jou keuse (4)

4.3 Godsdienstige organisasies werk dikwels saam om die wêreld 'n beter plek vir kinders te maak.

4.3.1 Haal EEN woord uit paragraaf 3 aan wat vir ons sê dat die probleem te groot is vir enige een organisasie om dit op hulle eie te hanteer. (2)

4.3.2 '… en ander humanitêre organisasies …' (paragraaf 3).

Gee EEN voorbeeld van 'n humanitêre organisasie wat met 'n godsdiens geassosieer word. Noem die godsdiens. (4)

4.3.3 Bespreek die werk van die organisasie wat jy in VRAAG 4.3.2 genoem het. (8)

4.4 Verwys na paragraaf 4.

4.4.1 '… wat algemeen die mees bekragtigde menseregte-ooreenkoms in die geskiedenis geword het.'

Wat beteken hierdie aanhaling? (2)

4.4.2 Die Verenigde Nasies is verantwoordelik vir twee belangrike menseregtedokumente – die Universele Verklaring van Menseregte (1948) en die Konvensie oor die Regte van die Kind (1989).

Noem TWEE ooreenkomste en TWEE verskille tussen hierdie dokumente. (8)

4.5 'Godsdienstige gemeenskappe is uniek toegerus om die verandering in ingesteldheid en gedrag, wat op aandrang van die Konvensie moet plaasvind, te laat gebeur.' (Paragraaf 5)

Gee DRIE redes hiervoor. (6)

4.6 Beide die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede en die Parlement van Wêreldgodsdienste is intergodsdienstige organisasies wat tans steeds aktief is.

Vergelyk kortliks die manier waarop hierdie twee organisasies begin is. (8)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 Wat verstaan jy onder *Jin en Jang*? (4)

5.1.2 Hoe beïnvloed hierdie geloof/oortuiging die leefstyl van die volgelinge daarvan? (2)

5.2 Beantwoord die vrae hieronder met verwysing na die volgende konsepte:

- Bodhisattva (Boeddhisme)
- Sannyasin (Hindoeïsme)
- Sint/Heilige (Christelike godsdiens)

5.2.1 Gee EEN ooreenkoms wat die drie konsepte hierbo deel. (2)

5.2.2 Verduidelik hoe ELK van hierdie konsepte verskillend is. (6)

5.3 Noem die godsdiens waarin die volgende oortuiginge gevind word en verduidelik die oortuiging:

5.3.1 Inkarnasie (6)

5.3.2 Reïnkarnasie (6)

5.4 In die konteks van godsdiens, gee EEN ooreenkoms en EEN verskil tussen die volgende:

5.4.1 Mite en gelykenis (4)

5.4.2 Fundamentalis en tradisionalis (4)

5.4.3 Vaishnavisme en Shaïvisme (4)

5.5 Daar is baie faktore waaruit die identiteit van 'n godsdiens bestaan, waaronder die drie faktore hieronder gegee.

Met verwysing na enige EEN godsdiens, skryf TWEE feite oor ELKE faktor neer:

5.5.1 Die simbool wat die godsdiens verteenwoordig (4)

5.5.2 Die plek van aanbidding (4)

5.5.3 Kleredragkode (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou